



Resultate:

Bos Indicus sinteties afgelei – Simbra

Deur Phillip Oosthuizen


Die Sernick Presisie-afrondingsprojek was 'n eksperimentele konsep. Die resultate toon dat die konsep werk en dat dit die potensiaal het om in voerkrale gebruik te word. Daar moet in gedagte gehou word dat die groei- en voerinname data slegs vir die 2015 Sernick-projek geld en nie veralgemeen kan word nie. Die model is wel generies en kan deur enige voerkraal gebruik word deur hulle eie unieke data in te voer.

Die gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) oor die voerperiode was 1,81kg/dag, terwyl die gemiddelde daaglikse voerinname 9,7kg/dag was. Dit gee 'n voeromsetverhouding (VOV) van 5,38:1. 'n Ewekansige steekproefneming van tien diere is geneem op die winsmaksimerende voerperiode en is daarna geslag. Die gemiddelde uitslagpersentasie was 60,72% met 'n gemiddelde karkasgewig van 293kg en 'n gradering van A2/3.

Winsmaksimerende model

Figuur 1 is die uitset van die winsmaksimerende model. Die totale veranderlike kostes was R2,55/kg voer vir week een tot ses, R2,80/kg voer vir week 7 tot 15 en R2,90/kg voer vir week 16 tot 23. Die karkasprys was R35,00/kg. Figuur 1 wys dat die waarde van die marginale produk (vleis) meer is as dié van die marginale koste (veranderlike koste) tot week 21. Daarna is die marginale koste meer as die inkomste. Op dieselfde punt raak die

Figuur 1: PMFP-model uitset om die winsmaksimerende voerperiode aan te dui.



Tabel 1: Voerperiodes vir verskillende prys scenario's.

Karkasprys	R33		R34		R35		R36		R37	
Voerprys	Week	Dag	Week	Dag	Week	Dag	Week	Dag	Week	Dag
R2,40	22	154	22	154	22	154	23	161	3	161
R2,60	22	154	22	154	22	154	22	154	22	154
R2,80	20	140	21	147	21	147	22	154	22	154
R3,00	19	133	20	140	20	140	20	140	21	147
R3,20	18	126	19	133	19	133	19	133	20	140

weeklikse (marginale) winsmarge negatief, terwyl die bruto winsmarge maksimeer. Op grond van hierdie kriteria word die winsmaksimerende voerperiode bepaal. Volgens die produksie-data en die 2015-prys scenario is die winsmaksimerende voerperiode dus 21 weke (147 dae). Tabel 1 dui die alternatiewe winsmaksimerende voerperiode aan vir verskillende prys scenario's.



'n Voerkraal kan addisionele wins genereer deur diere langer as die normale voerperiode te voer.

Lengte van voerperiode

Volgens Tabel 1 verleng die voerperiode soos die karkasprys verhoog en raak dit korter soos die voerprys verhoog. Vir elke R3 wat die karkasprys verhoog, verleng die winsmaksimerende voerperiode met 0,9 weke of ses dae. Vir elke R0,20 wat die voerprys verhoog, verkort die winsmaksimerende voerperiode met 0,7 weke of vyf dae.

Die verskil in bruto winsmarge is R61,26 per bees. Dus maak die voerkraal R61,26 meer wins per bees deur volgens die winsmaksimerende voerperiode te voer. In 'n scenario waar 'n voerkraal 10 000 beeste voer, sal hulle dus R612 600 meer wins per siklus kan genereer en teen 2,7 siklusse per jaar sal R1 654 020 miljoen meer wins per jaar gemaak word.

Addisionele wins

Volgens die resultate kan 'n voerkraal addisionele wins

genereer deur hierdie diere 14 dae langer te voer as die normale voerperiode. Tabel 1 dui aan dat prysveranderinge 'n invloed het op die winsmaksimerende voerperiode en in ag geneem moet word.

Vir meer inligting, kontak Phillip Oosthuizen by phil.oosthuizen@gmail.com.

Projekvennote: Universiteit van die Vrystaat se Departemente Landbou-ekonomie, Veekunde en Voedselwetenskap, sowel as die Sernick-groep, die Landbounavorsingsraad (LNR) en Veeplaas.

Alle resultate van die Sernick Presisie-afrondingsprojek wat in Veeplaas verskyn, is afkomstig van die projek se unieke omstandighede en uitleg. Die resultate word nie veralgemeen nie en is bloot die waarnemings in hierdie projek. Klimaat en hantering kan 'n groot invloed op die prestasie van voerkraalbeeste hê. Hou ook in gedagte dat hierdie proefdiere weekliks gehanteer is om die nodige data te versamel.